**VERKLARING EN OPENBARE VERSKONING AAN HUIDIGE SARS-WERKNEMERS WAT NADELIG GEAFFEKTEER IS DEUR AKSIES VAN SARS EN BEPAALDE DERDEPARTYE GEDURENDE 2014 - 2018**

**Tshwane, 11 November 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig graag aan dat die interne herstelproses afgehandel is met betrekking tot 'n aantal huidige werknemers wat nadelig geaffekteer is deur gebeurtenisse wat tydens die kaping van SARS plaasgevind het tussen 2014 en 2018. Dit volg na 'n verskoning aan voormalige werknemers vroeër hierdie week.

Kommissaris Kieswetter reik namens SARS 'n hartelike openbare verskoning uit aan sy huidige werknemers vir die organisasie se optrede en uitlatings wat so 'n verwoestende en onpeilbare impak op hul lewens gehad het. SARS is diep spyt oor die seer, pyn en lyding wat dit hulle en hul families aangerig het as gevolg van bepaalde optrede deur SARS in sodanige tydperk.

Die voltooiïng van die proses laat een van die aanbevelings, van die kommissie van ondersoek na belastingadministrasie en- bestuur (Nugent-kommissie) wat bevind het dat daar 'n massiewe versuim van integriteit en bestuur by SARS was onder die eertydse SARS-kommissaris, in werking tree. Die Nugent-kommissie het in sy finale verslag aanbeveel dat SARS herstel moet bring, nie noodwendig geldelik van aard nie, aan huidige en voormalige werknemers, wat negatief beïnvloed is deur die optrede van SARS, die Sikhakhane- en KPMG-verslae.

Met sy aanstelling in Mei 2019, het kommissaris Kieswetter gevind dat die situasie by SARS veel erger was as uiteengesit in die Nugent-kommissie-verslag. Hy het 'n reeks maatreëls ingestel om die werkmag te stabiliseer, personeel-moreel te herstel en vertroue in die organisasie te herbou.
Die maatreëls wat ingestel is sluit in:

- 'n Pastorale en "luisterende" veldtog gemik daarop om personeel die geleentheid te gee om hul ondervindinge te deel en daaroor te reflekteer.
- Die heraanstelling van "oortollige" werknemers in hul vorige, of alternatiewelik, in betekenisvolle rolle en heraanstelling van bepaalde spesialis-werknemers wat SARS tussen 2014 en 2018 verlaat het.
- 'n Hersiening van eksterne en interne ondersoeke, dissiplinêre en ander werknemer-verwante optrede wat ongegrond kon wees, is afgesluit.

- Die uitvoer van 'n herstelproses vir huidige werknemers wie se loopbane/poste by SARS negatief beïnvloed is en die implementering van 'n reeks regstellende maatreëls wat ingesluit het bystand met berading waar nodig, nagraadse studiehulp, sekondering na die kantoor van die staatsaanklaer, betaling van regs- en mediese onkoste.

Kommissaris Kieswetter het namens SARS gesê: "Ek erken die aansienlike skade wat die organisasie berokken is en die diep seer aan huidige werknemers toegedien. Ek hoop opreg dat, met die afsluiting van hierdie proses, die geaffekteer individue en hul families 'n mate van afsluiting kan ervaar en voortgaan met hul eie reise jeens herstel. Ek bedank elkeen van hulle vir hul toewyding aan SARS en waarvoor SARS staan. I prys hul uithouvermoë om in SARS te bly onder baie moeilike omstandighede en hul bydrae tot die herbou van 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat vertrou en bewonder is.

*"Met betrekking tot sommige werknemers wat nadelig geaffekteer is deur die Sikhakhane- en KPMG-ondersoeke, erken SARS dat beide die Sikhakhane- en KPMG-ondersoeke en die bevindinge en aanbevelings wat daaruit gespruit het, uiters gebrekkig was en SARS het dit sederdien duidelik gemaak en herhaal weereens dat hy dit vir geen doeleindes sal aanwend nie. SARS erken dat hierdie verslae nie gebruik moes word vir 'n basis vir enige van die optrede wat teen sommige SARS-beamptes geneem is nie."*

*"My verdere boodskap aan ons werknemers", sê kommissaris Kieswetter, "is dat baie van julle nog jonk genoeg is om 'n betekenisvolle bydra tot SARS te beleef, en ek wil julle aanmoedig om positiewe betrokkenheid te handhaaf terwyl ons hierdie negatiewe ondervinding agter ons sit. Ek wens julle 'n lonende tyd toe vir die res van jul ampstermyne."*

SARS het ook 'n private verskoning uitgereik aan elkeen van die geaffekteerde werknemers en hul families vir die beproewing wat hul gely het en die skade wat hul aangerokken is tussen 2014 en 2018 en die tydperk daarna.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.